# HEILIGMAKING (1)

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**SKRIF VERWYSINGS VIR OORDENKING: 2 Thessalonicense 2:1-12**

**2Th 2:1 Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom,**
**2Th 2:2 om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees—asof die dag van Christus al daar is.**
**2Th 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf**
**2Th 2:4 die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.**
**2Th 2:5 Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?**
**2Th 2:6 En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.**
**2Th 2:7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;**
**2Th 2:8 en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,**
**2Th 2:9 hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen**
**2Th 2:10 en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.**
**2Th 2:11 En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo,**
**2Th 2:12 sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.**

-o0o-

Ek wil julle graag bedien met 'n gedeelte uit die Woord wat my nogal baie geraak het. Dit dek 'n groot area, so ek gaan dit stuk vir stuk behandel. Julle kan dit self gebruik om 'n bietjie dieper na te lees.

**2 Thess. 2: 1 MAAR ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom,**

Oor hierdie aspek het ek vantevore leringe gegee. Daar is 'n baie groot dwaling by sommige mense rondom die wegraping en wederkoms. Mense verstaan nie wat die verskil is tussen die wegraping en die wederkoms nie. In hierdie gedeelte gaan ek dit net so 'n bietjie verduidelik.

## 1. MISLEIDING

**2 Thess. 2: 2 om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie — deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees — asof die dag van Christus al daar is.**

Die skrywer Paulus, wil nie hê dat julle bekommerd moet wees oor die spesifieke dag wanneer die wederkoms sal plaasvind nie.

Dan waarsku hy.

-o0o-

**2 Thess. 2: 3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf,**

Die Bybel praat van die ***afval*** wat eers in die huis van die Here sal plaasvind. Wat is hierdie *afval?*

In die laaste dae, sal daar mense wees wie maar net saam geloop het.

- Hulle is die vyf dwase maagde, wat beskerming en guns ontvang het, omdat hulle saam met die 5 wyse maagde geloop het.

Hulle het eintlik geteer op die olie van die vyf wyse maagde. Die guns wat die vyf wyse maagde gehad het, het hulle ook gehad. Dit is die afval wat in die huis van die Here sal begin. Daarom sal oordeel (judgment) ook daar begin.

Hy sê laat *niemand julle op enige manier mislei nie*. Ek dink misleiding in hierdie dae is aan die orde van die dag. Julle hoef nie eers vêr te gaan soek om te sien hoeveel leiers daar is wat mense mislei nie.

Die mens moet die sonde wat plaasvind, kan raaksien. Ons kan ervaar wat nou aangaan, nie net in Namibië of Suid Afrika nie, maar oor die hele wêreld. Daar is chaos, haat en naywer. 'n Mens wonder of daar een land is waar daar regtig vrede, kalmte en rustigheid is. Ek praat van tussen politieke partye. Ek praat ook van samewerking. Dit is waarom Psalms sê dat die volk in beroering is. Dit lyk asof die hele wêreld in chaos is op hierdie stadium, as gevolg van die sonde wat *geopenbaar word*.

## 2. ANTICHRIS IN DIE TEMPEL

Dan noem hy iets baie spesifiek.

**2 Thess. 2: 4 die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.**

Hier praat Paulus van die Antichris. Hy sê dat al hierdie dinge voor die wederkoms moet gebeur.

- Die wederkoms is wanneer Christus Jesus kom en Sy voet op die Olyfberg sit.
  - Hy sal saam met Sy Bruid kom. Hy sal sy voet op die Olyfberg sit en volgens die boek Sagaria, skeur die Olyfberg middeldeur.

Voordat dit gebeur het, moet al hierdie dinge eers gebeur. Die Antichris, die seun van die verderf, sal opstaan en sal in die tempel sit. Dit is die derde tempel wat die Jood fisies sal bou.

- Onthou, daar is 'n geestelike tempel, wat Sy liggaam en Sy Bruid is, wat die Gees van God in hierdie dae bou op hierdie aarde.
- Daar gaan ook 'n fisiese **derde** tempel wees, wat die Jood sal bou.
  - Die Antichris sal in hierdie *tempel van God* sit en hy sal voorgee dat hy God is

**2 Thess. 2: 5 Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?**

## 3. DIE BRUID WORD WEGGERAAP

Kyk nou mooi. Hierdie is die kern van die hele boodskap.

**2 Thess. 2: 6 En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.**

- Daar is iets *wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word*.

**2 Thess. 2: 7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;**

-o0o-

Ons kan nou al hierdie verskriklike sondes en dinge in die wêreld daarbuite sien. Satan, wil ek amper sê, is besig is om die grondgebied voor te berei vir die opstaan van die Antichris. Hy kan nie opstaan nie, want onthou, die Bybel sê dat iets *hom teëhou*.

- Hierdie iets moet eers uit die weg geruim word.

**2 Thess. 2: 8 en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,**

Wat hou hom teë?

- Hierdie iets wat hom teë hou, is **Lig**.

Onthou, as die Bruidegom Sy liefde vir die Bruid aanbied, sê Hy in ***Jesaja 60:1*** *Arise, shine; for thy light is come, and the glory of the LORD is risen upon thee.* Sodra daardie Bruid Sy lig ontvang, dan skyn sy. Dit is waarom die Bybel sê dat die heiliges vir altyd en altoos sal skyn. Tot in ewigheid sal die Bruid skyn. *(Verwys lesing: Engele Skyn)*

- Sy sal nie skyn as gevolg van haar werke nie, maar as gevolg van die Lig van die Bruidegom wat sy ontvang het.
  - Dit is daardie lampie olie wat gedurig deur brand. Dit is haar verantwoordelikheid om te sorg daardie lampie altyd brand.

'n Wet wat ingeskrywe is in die natuur, is dat duisternis nie in die aanwesigheid van lig kan heers nie. Dit kan alleenlik heers in die afwesigheid van lig. Die lig hou die duisternis onder bedwang.

Satan is al klaar hier onderlangs besig om die voorbereiding te doen vir die opstanding van die Antichris *net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is*. (Vers 7)

- Hy *wat nou teëhou* is die **Lig**. Dit is die Bruid. Dit is die liggaam wat weggeraap sal word.

Daardie Lig moet van hierdie aarde af weggevat word. Die Bruidegom moet weer Sy Lig kom haal. Dit is waarom ek altyd vir mense sê, dat Hy nie vir my en jou kom nie. Hy kom om Sy Lig te haal, want die **Lig**, die Heilige Gees, is nie 'n aardse element of 'n aardse persoonlikheid nie. Die Heilige Gees is net vir my en jou geleen hier op aarde. Die Heilige Gees is gegee om te kyk of ons Hom totaal en al gaan vertrou en of ons onsself deel van Hom sal maak. As die Here Jesus tot in die lug kom, sal Sy Lig, wat die Heilige Gees is, dan teruggaan na Hom toe. So sal die Bruid dan saam met Hom wees tot in alle ewigheid. Die *verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk* maar die Lig hou hom beperk. Hy kan nie doen wat hy wil nie. Die Lig moet eers uit die weg geruim word.

- Wanneer die Bruid weggeraap is, sal die ongeregtigheid na vore kom.
- Die Antichris sal dan in sy volheid opstaan.
  - Hy sal hier op aarde begin heers en die ongeregtigheid sal *geopenbaar word*.

## 4. WEDERKOMS

Nou gaan ons terug na vers 1.

**2 Thess. 2: 1 MAAR ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom,**

Wanneer gaan die Wederkoms plaasvind?

- Dit gaan eers plaasvind as hierdie Antichris sy werk gedoen het en sy tydperk in die sewe jaar voltooi het.
- Die Here Jesus sal terugkom met Sy wederkoms, volgens Openbaring 19, saam met Sy Bruid, die Lig, wat Hy weggeraap het. *(Verwys Lesing: Wegraping 1 – 3)*

-o0o-

Die Here Jesus sal terug kom met die leërs van die hemel en Hy sal dan hierdie Antichris verdelg met sy asem. Dit is waarom die Bybel dan ook vir ons sê dat, op hierdie stadium, daar niks in die Gehenna, die ewige poel van vuur is nie.

- Wanneer Christus kom, sal die dier en die antichris die eerste 2 persoonlikhede wees wat in die Gehenna gegooi sal word.
    - Hy sal dan gebind word vir 'n duisend jaar.

### 5. ANTICHRIS DOEN KRAGTIGE DADE

**2 Thess. 2: 9 hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen**

Hier beskryf hy die Antichris. So jy sien, ons kan nie agter tekens en wonders aan hardloop nie. Ons kan nie, want hierdie ou gaan meer tekens en wonders doen as ooit op hierdie aarde. Hy sal 'n beeld maak tot eer van die dier en dan sal hy ook maak dat daardie beeld kan praat. Ons kan verder in Openbaring lees rondom dit.

**2 Thess. 2: 10 en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.**

Die liefde wat God vir hulle gegee het, het hulle *nie aangeneem* nie.

Hulle het nie ....

- die volle Woord van God,
- die volledige evangelie,
- Sy Koninkryk,
- die Vader se volmaakte perfekte saad in Christus Jesus en,
- die Woord van God wat vir ons gegee is, aangeneem nie.

Hulle het sisteme en allerhande ander goed aangehang.

**2 Thess. 2: 11 En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo,**

Dit is verskriklike harde woorde om te sê.

So wat sal hier gebeur?

Omdat hulle Christus verwerp het en die leuen aanvaar het, sal God hulle oë eintlik nog meer toemaak. Hy sal hulle deur hul *krag van die dwaling* oorgee om die leuen te glo... *(as julle die leuen dan wil glo, glo dan die leuen)*

**2 Thess. 2: 12 sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.**

Die wat ongeregtigheid glo en nie die ware waaragtige evangelie nie, sal geoordeel kan word.

(Lesing 2 en 3 volg hierna)

-o0o-

**What is the 2nd death in the Bible?**

**Rev 21:8** But as for the cowards and unbelieving and abominable [*who are devoid of character and personal integrity and practice or tolerate immorality*], and murderers, and sorcerers [*with intoxicating drugs*], and idolaters *and* occultists [*who practice and teach false religions*], and all the liars [*who knowingly deceive and twist truth*], their part will be in the lake that blazes with fire and brimstone, which is the second death." Amplified Bible

**Open 21:8** Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

-o0o-